Variëtè

# 'n Nuwe gedaante vir ou Chelsea

DIE Chelsea-Teater in Hillbrow het van gedaante verwissel — ná Taubie Kuschlik se gewilde Encore Brel word dit verander in 'n byeenkomsplek vir plaaslike musikante en ander vermakers om Suid - Afrikaners „uit die Groot Amerikaanse Droom wakker te skud," soos Dave Marks, die man met al die groot planne, dit stel.

Een van die belangrikste veranderings wat dié ou kafee-teater tref, is 'n splinternuwe klankstelsel wat meer as R20 000 gekos het. En eerste op die lys is die rock-groep Morocko wat vanaf Woensdag, 18 Februarie, by die klub optree wanneer die ‚nuwe' Chelsea sy deure oopgooi.

Dave Marks is bekend vir sy vele projekte om veral plaaslike musikante geskikte verhoë te bied. Hy was onder meer betrokke by plekke soos Nite Beat, die Totum in Durban, die klubs Blue Fox en New Troubadour wat altyd in die Hotel Oxford was, die Mark-Kafee, Mangles en Le Chaim in Johannesburg.

Die idee met die nuwe Chelsea is om 'n byeenkomsplek te skep vir enigiets van inheemse rock, jazz en folk tot revues, kabarette, eksperimentele teater en rolprentvertonings.

Die Chelsea gaan elke aand van agtuur oop wees, is ten volle gelisensieer en ligte etes is beskikbaar. Twee sessies of vertonings word beplan: een van nege-uur tot halftwaalf en 'n tweede tot middernag waarna video-vertonings oor musiek en musikante aangebied word.

Een van die ander planne is byvoorbeeld 'n ‚jazz jam' op Saterdagmiddae, moontlik in die hotel se ou sitkamer.

„Ons het die talent en kan dit doen . . . dit moet 'n betekenisvolle uitlaatklep word vir vandag se oudio en visuele kunsvorme," sê Marks.

● Morocko is 'n jong groep wat nou eers ses maande bestaan en reeds hul debuutplaat in Amerika laat sny het. Hulle het ook onlangs groot opslae in Durban veroorsaak waar hulle die bekende Ballyhoo as genooide groep by die Slippers Boogie Palace vervang het.

— Deon Viljoen